

Skriflesing: Jeremia 13: 1-15Teks: **Jeremia 13:11**Sing- **SING VOORAF: Ps. 102:1,8****TYDENS EREDIENS: Ps. 105:1,5; Ps. 103:1,5; Ps. 128:4; Sb. 8-1 (14) :1,2; Ps. 66:7,8****Jeremia 13: 1-15****Jer 13:1** So het die Here vir my gesê: Gaan koop vir jou 'n linnegordel en maak dit om jou lyf vas. Jy moet dit nie laat nat word nie.**Jer 13:2** Ek het die gordel gekoop soos die Here gesê het, en dit aangesit.**Jer 13:3** Die woord van die Here kom toe weer tot my:**Jer 13:4** Wat die gordel wat jy gekoop het, wat jy aanhet, en gaan na die Eufraat toe en steek dit daar weg in 'n klipskeur.**Jer 13:5** Ek het gegaan en dit by die Eufraat weggesteek soos die Here my beveel het.**Jer 13:6** Na 'n lang ruk het die Here vir my gesê: Gaan nou na die Eufraat toe en gaan haal die gordel wat Ek jou beveel het om daar weg te steek.**Jer 13:7** Ek het toe na die Eufraat toe gegaan, daar gegrawe en die gordel uitgehaal uit die plek waar ek hom weggesteek het. Maar die gordel het begin vergaan en was nutteloos.**Jer 13:8** Toe kom die woord van die Here tot my.**Jer 13:9** So het die Here gesê: So sal Ek die groot hoogmoed van Juda en Jerusalem laat vergaan.**Jer 13:10** Hierdie slegte volk wat weier om na my woord te luister, wat hulle eie harde koppe volg en agter ander gode aanloop en hulle dien en vereer, sal net so nutteloos word soos hierdie gordel.**Jer 13:11** Soos 'n gordel stewig vas is om die lyf van 'n man, so het Ek al die mense van Israel en Juda aan My vasgemaak, sê die Here. Hulle moes my volk wees, hulle moes lewe tot my roem en eer en 'n sieraad vir My wees, maar hulle het nie geluister nie.**Jer 13:12** Sê vir hulle dit: So sê die Here die God van Israel: Elke kan moet vol wyn gemaak word. Dan sal hulle vir jou sê: "Weet ons dan nie dat elke kan vol wyn gemaak moet word nie?"**Jer 13:13** Dan moet jy vir hulle sê: So sê die Here: Ek gaan al die inwoners van hierdie land dronk maak, ook die konings wat op die troon van Dawid sit en die priesters en die profete, ja, al die inwoners van Jerusalem.**Jer 13:14** Ek sal hulle teen mekaar verpletter, vaders en kinders saam, sê die Here. Ek sal niemand spaar of verskoon nie, sonder ontferming sal Ek hulle uitroei.**Jer 13:15** Luister, gee aandag! Moenie so hoogmoedig wees nie: die Here het gepraat!**Skriflesing:** Jeremia 13: 1-15Teks: **Jeremia 13:11**Sing- **SING VOORAF: Ps. 102:1,8****TYDENS EREDIENS: Ps. 105:1,5; Ps. 103:1,5; Ps. 128:4; Sb. 14:1,2; Ps. 66:7,8**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons was verlede Sondag by die 2de Korintiër brief, ons het daarna verwys dat hierdie brief van Paulus staan ook bekend as sy trane brief. Ons het ook verlede Sondag die sakrament van die Nagmaal hier rondom kon vier. Die groot gedagte verlede Sondag was dat die dinge met werklike groot betekenis in ons lewe, dit wat blywend is, dit wat ewige waarde het, is die dinge wat ons nie kan sien nie. By die tekens van 'n beker wyn en 'n stuk gebreekte brood, daarin lê die onsigbare van Christus se gebreekte liggaam en Christus se vergote bloed afgeteken.

Dit wat ons in 2 Korintiërs 4 vers 18 kon lees geld vandag net soveel, ook weer rondom dit wat 'n sakrament is -die sakrament van die heilige doop ... *18 Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig. As*

'n kindjie gedoop word, is die onsigbare wat saak maak. Die water word drupsgewys die kind opgedrup, dan is daardie bietjie water teken van Christus se bloed – ja die Heidelbergse Kategismus gee in V/A 69 en VA 70 aangrypende uitdrukking rondom wat die doop ook vandag hier vir ons beteken ...

Vraag 69 vra - **Hoe word jy in die heilige doop daarop gewys en daarvan verseker dat die enige offer van Christus aan die kruis jou ten goede kom?** Ons antwoord – dit word 'n beweeg van die sigbare na die onsigbare ... **Christus het die uitwendige waterbad ingestel. Daarby het Hy beloop dat ek net so seker met sy bloed en Gees van die onreinheid van my siel, dit is, van al my sondes, gewas is as wat ek uitwendig met die water gewas is, wat die vuilheid van die liggaam wegneem.** Dan V/A 70- 'n Vraag geheel en al op die onsigbare gerig maar so aangrypend in wat onsigbaar gebeur ... **Wat beteken dit om met die bloed en Gees van Christus gewas te wees?** Ons antwoord - **Dit beteken om van God vergewing van sonde uit genade te ontvang ter wille van die bloed van Christus wat Hy in sy offer aan die kruis vir ons gestort het. Verder, om deur die Heilige Gees vernuwe en as lede van Christus geheilig te wees sodat ons die sonde hoe langer hoe meer afsterwe en godvresend en onbesproke lewe.**

Dis groot woorde oor 'n klein mensie soos Lisa vandag hier uitgespreek ... Sy kry deel aan Christus se beloftes, ja waar Christus die waterbad ingestel het, uitwendig ingestel, word die waterbad aan Sy Heilige Gees en bloed verbind. 'n Siel wat in sonde ontvang en gebore is, ons siele so onrein, ook hierdie kindjie se siel, word die water teken van 'n siele-wassing, ja water maak skoon, ons lewens moet ook gereinig kan word. Dit erken ons by elke doop, ons lewens en geloof moet ook versterk word- dit erken ons by elke Nagmaal. Christus was ons, Christus maak ons nuut, Hy heilig ons lewens dat ons ook hierdie belydenis vandag ook oor hierdie kindjie kon uitspreek dat God wil haar en haar ouers en ons as sy kinders se sonde vergewe, om as lede van **Christus geheilig te wees sodat ons die sonde hoe langer hoe meer afsterwe en godvresend en onbesproke lewe.**

Dit is woorde wat 'n profeet soos Jeremia vir seker ook oor sy volk sou wou uitspreek, maar hy kon nie. Ja het ons na Paulus se tweede Korintiër brief verwys as die trane brief, na Jeremia

word dikwels na verwys as God se trane profeet ... Die woord trane kom ten minste 5X in Jeremia voor - en Klaagliedere ook deur Jeremia geskrywe daarin kom die woord trane nog weer 3X voor. By Jeremia kry ons die uitdrukking van 'n fontein van trane ... beslis nie omdat hy 'n tjankbalie was nie, maar omdat hy geweet het dit wat sy volk doen, dit waarmee sy volk besig is, dit gaan die grootste van tranedal bring wat mense hulle moeilik kan indink – as ons net die volgende hoofstuk na Jeremia 13 lees, dan lees ons Jeremia 14 vers 17: *17 Sê vir hulle dit: Dag en nag, sonder ophou, vloei die trane uit my oë; my volk ly aan sy wonde, hy is swaar getref.* Die BDV vertaal dit soos volg: *My oë moet dag en nag vloei met trane en nie tot rus kom nie; want deur 'n groot ineenstorting is sy gebreek- die jonkvrou, die dogter van my volk – deur 'n uiters pynlike wond.*

By die doop is baie van die dinge in die tranedal van Jeremia ons nie gespaar nie. Hoe dikwels wil dit voorkom, die kerkvolk van Suid-Afrika, hulle wat veronderstel is 'n gedoopte volk te wees, ons het by 'n ineenstorting gekom. Hoe swak erediensbywoning is, hoe gemaklik mense nou sommer dit uitmaak ek glo, maar ek hoef nie kerk-toe te gaan nie, ek kry mos nou my sielskos, deur uitsendings op die TV, radio, internet, dit word net makliker, ja al hoe gemakliker, maar hierdie gemaklikheid bring hierdie land by 'n ineenstorting. Die dankbaarheidslewe wat die Here se bruid, die Here se Kerk se deel moet wees, die werklike dankoffers word ook by 'n ineenstorting gebring, dan moet ek nie wil vra as ek nie my dankoffer gee nie, hoekom sal die Here nie my eie finansies maar ook laat ineenstort nie ... Haggai 1 vers 4-7 laat hieroor geen twyfel nie. Wie dit nie wil sien dat die Here met ons hard praat en steeds dink ons ons kan maar saamhardloop met wat gebeur. Jeremia het dit beleef hoe hy nie nie met die voetgangers kon saamhardloop nie, toe laat die Here hom weet, kyk na die tyd wat jy met die perde sal moet hardloop - Jeremia 12 vers 5: *5 As voetsoldate jou moeg hardloop, hoe sal jy teen perde kan hardloop? En as jy net in 'n vreedsame land veilig voel, hoe sal jy maak in die digte bos aan die Jordaan? Die OVT stel dit - 5 As jy met voetgangers loop, maak hulle jou moeg: hoe sal jy dan wedywer met die perde? En in 'n land van vrede voel jy jou veilig: hoe sal jy dan maak in die pronkbosse van die Jordaan?*

As ons ons dan vanoggend by hierdie doop tussen Jeremia 12 en Jeremia 14 bevind, ons is by Jeremia 13, dan is ek oortuig dit wat Jeremia as opdrag ontvang beteken vir haar wat gedoop

word, vir haar ouers, ons as getuies van hierdie doop in die bind van 'n linnegordel ewe veel. Jeremia wat opdrag ontvang- ... *gaan koop vir jou 'n linnegordel maak dit om jou lyf vas ... jy moet dit nie laat nat word nie* ... Ons kan eintlik dit ook ons drie hoofgedagtes maak: Eerstens wat dit beteken as Jeremia hoor:

... hy moet 'n linnegordel gaan koop ...

Dit is 'n opdrag wat ons moet aangryp. Ons word aangegryp deurdat die profeet nie met God redeneer nie. Nie allerhande vrae vra, wonder waarom nou so 'n opdrag nie. Daar is die tye wat daar net geluister moet word, die vrae moet min wees, gehoorsaamheid moet baie wees. Verder weet ons dat priesters het gewoonlik linnegordels gedra. As Israel na die linnegord van die priester kyk dan moes hulle vir hulleself kon sê – God het ons ook 'n priestervolk gemaak.

Die volmaakte Priester ons Here Jesus Christus staan in sy menslike voorkoms ook voor ons met 'n linnegordel. Toe Hy hom gereed gemaak het om sy dissipels se voete te was – Joh. 13 vers 5 dan lees ons van Jesus wat sy bokleed uitgetrek het, nadat hulle geëet het, Hy trek sy boklere uit en dan maak Hy van 'n doek 'n linnegordel. Hy het die doek geneem en dit om Hom vasgemaak. En dan kom daar water ter sprake ... iets wat ons later in Jeremia ook sien ... in Jeremia juis dan nie in die goeie betekenis van die water nie, maar die slegte. Hier is die water teken van afwassing. Water kan vuil voete skoonmaak. Jesus was hulle voete. Jesus maak klaar wat Hy begin soos 'n Priester moet kan klaarmaak wat hy begin het. Hy het die voete van sy dissipels afgedroog met die doek wat soos 'n linnegord om Hom gebind was. Toe Jesus by Petrus kom, die dissipel met die oorhaastige geaardheid en wat te dikwels te maklik vra – WAAROM? Hy wat anders as Jeremia optree. Hy wat vir die Here vra- *Here, gaan U my voete was?*

Ons moet vandag raaksien, die water, die skottel, die doek, die proses van om te was, sigbare dinge het Jesus al onsigbaar tot ons wou laat spreek. Petrus wat die sigbare die einde van sy horison maak. Ja, so maklik maak ons die sigbare van ons lewe die horisonne wat ons dink daar steek dit vas. As die son agter die horison verdwyn, dom is die mens wat dink nou is die son weg, nou het die aarde ophou draai. Ons dink mense is dom as hulle dit van die son sou dink, maar as dit gaan om Hom Wie die werklik “Son” van ons lewe is, Hy wat kan sing - *'n son en skild is onse Here, Hy sal genade gee en eer, want Hy word nooit sy woord ontrou nie* ... In die

geloof word ons so maklik dom ... dom soos 'n domsieke skaap ... So maklik vertrou ons God te min ... as die sigbare nie meer daar is nie, dan wil ons vrae vra en wil twyfel en dink die son van ons geloof het onder gegaan om nooit weer op te kom nie. By die doopbak moet ons nie dom wees nie, wees die een wat sê – God word nooit sy woord ontrou nie.

Wees gehoorsaam, ons koop eenvoudig die linnegordel sonder om te veel vrae te wil vra ... ons doop hierdie kindjie in die geloof, want ons glo dat God nie alleen net die opdrag tot die doop van ons kindertjies gegee het nie. Maar God bly getrou. Hy wil vir haar 'n Vader wees, sy wat gedoop is, mag sy geleer word wat dit is om gehoorsame kind van God te wees, dit wat julle as ouers ook vir haar moet leer. Dit is die belofte wat gemaak word – in die woorde van die Kategismus dat die kindjie geleer sal word ... **om hoe langer hoe meer haar sonde af te sterwe en godvresend en onbesproke te lewe.** U as getuies van hierdie doop, is dit wel ook die getuienis oor u lewe vandag ... is u die een wat doen wat ons belydenis verwag, **sterf die sonde af**, ja hoe langer hoe meer, leef u godvresend en onbesproke nie in wat ander van u verwag nie, maar in wat God van sy gedooptes verwag? Hierdie vrae vra ons voor die Here ook met die opdrag wat geld by ons tweede gedagte hier vandag-

Bind dit om jou lyf vas:

Dit wat lyk na so 'n eenvoudige opdrag aan Jeremia is belangriker as wat dit mag klink. Jeremia moes 'n gordel van waarde gaan koop want iemand wat dink hy/sy kan goedkoop met die verbond van die Here omgaan, sal hulle vasloop. As ons praat van 'n duur gordel dan besef ons die mense in die ooste het dit as van hulle waardevolste besittings beskou. Selfs die armste van mense het wel so 'n gordel wou hê waar daar dikwels ook silwer die gordel ingewerk was. Ja, so 'n gordel was vir 'n mens iets van 'n sieraad ... Hoe ryker mense was, was dikwels aan die gordels om hulle gebind uitgestraal. As daar kosbare gesteentes of dalk selfs goud daaraan gekleef het, was dit toonbeeld van die mens se welstand. Tog het Jesus gewoon net 'n linnedoek as gordel om Hom gebind en was niks van hierdie vertoon vir die Here belangrik nie, wel net die diensbaarheid in hoe Hy sy dissipels se voete gewas het en dit dan met die doek om Hom gebind afgedroog het.

Terug by Jeremia dan sien ons al duideliker die gordel as teken wat vandag ook hier vir ons so vol betekenis mag wees. Duideliker kan die verbond van die Here seker nie geteken word nie?!

Dink daaraan om die verbond te mag voorstel soos 'n gordel wat om jou gebind mag word. So was dit ook met ons ouers, so ook Lisa en haar ouers vandag. Dit is hoe die Here vir die Kerk in Israel wat sy volk is dit duidelik maak. Dit is presies wat die Here in vers 11 uitspel: *11 Soos 'n gordel stewig vas is om die lyf van 'n man, so het Ek al die mense van Israel en Juda aan My vasgemaak, sê die Here. Hulle moes my volk wees, hulle moes lewe tot my roem en eer en 'n sieraad vir My wees, maar hulle het nie geluister nie.*

Die Here sê aan Jeremia die gordel moet styf vasgebind word en dadelik bring die Here die vasmaak aan sy kinders in dieselfde verband na vore. Kinders wat vir die Here as sy volk moes dien, hulle wat moes lewe tot roem en tot eer van die Here, ja hulle moes vir die Here 'n sieraad wees. Dit alles afgeteken in die gordel styf om Jeremia gebind.

Vir ons vandag hier, ja ook toegepas op wat hier gebeur het wanneer 'n kindjie gedoop kon word, dan het die Here Hom verbind. Daar is weer die belofte van vasmaak aan die kindjie maar ook aan haar ouers. God wil verbind wees tot wat aan Hom behoort. Die Here verlang 'n innige gemeenskap met sy Kerk. Daarom gaan dit nie net vir ons oor 'n stewige band nie, maar die gedagte van om verkleef te wees kom ook na vore. Die ouer vertaling stel dit soos volg ... *so het Ek die hele huis van Israel en die hele huis van Juda aan My laat klewe, spreek die HERE, om vir My te wees 'n volk en 'n roem en 'n lof en 'n sieraad.*

As ons hierdie saak van 'n gordel styf om Jeremia gebind dan mag afrond dan staan vir ons uit iets van die intieme band wat God met sy kerk daarstel, dit moet ons aan die harte gryp hoe naby God aan ons wil wees. God wil deur die beeld iets uitbeeld van om aan Hom verkleef te wees, maar die intieme bevat ook diensbaarheid. Die gordel kon net goed wees, so lank dit om die heupe gebind was. Die oomblik as dit begin losraak, begin die moeilikheid. Ons laaste gedagte sal meer daarby wil uitkom. Wat ons wel by hierdie styf gebinde gordel ook moet bly beklemtoon is die feit dat vir hierdie duur gordel betaal was. Ons het gewys op die hoë waarde daarvan vir die mens in die Ooste wat hy/sy deur hulle gordels kon uitdra.

Duur gekoopte gordels maar wat ons vandag besef, hoe duur is ons vir God gekoop. God het vir ons met die bloed van sy eie Seun betaal. Om Lisa en ook vir jou en my sy kind te maak, moes

daar vir ons betaal word. Elke kind van God is duur gekoop, duurder as wat geen geldwaarde ooit kan meet, niks kan dit meet nie. Maar God het vir jou betaal, Hy het in Christus betaal vir wat vandag ook deur hierdie doop voor sy aangesig kon plaasvind. Mag dit nooit goedkoop gemaak word nie. Dis die groot gevaar wat ons vandag by ons laaste gedagte dan bring- Die gevaar van die gordel los van die heupe, die gevaar daar waar die gordel natgemaak sou word. Ons laaste gedagte dan-

Die gordel moes nie nat word nie:

God het aan Jeremia die opdrag gegee dat hy vêr moes loop. Twee keer moes Jeremia vêr geloop het. Vêr daar na die Eufraat-rivier. Ons lees weer verse 4-7: *4 Vat die gordel wat jy gekoop het, wat jy aanhet, en gaan na die Eufraat toe en steek dit daar weg in 'n klipskeur. 5 Ek het gegaan en dit by die Eufraat weggesteek soos die Here my beveel het. 6 Na 'n lang ruk het die Here vir my gesê: Gaan nou na die Eufraat toe en gaan haal die gordel wat Ek jou beveel het om daar weg te steek. 7 Ek het toe na die Eufraat toe gegaan, daar gegrawe en die gordel uitgehaal uit die plek waar ek hom weggesteek het. Maar die gordel het begin vergaan en was nutteloos.*

Broeder en suster, die Here maak dan self weer die vergelyking tussen wat Jeremia se optrede nou moet wees en dit wat met sy volk gebeur. Dadelik laat die Eufraat ons dink aan daar sou die gordel mos nat geword het. In klammigheid weggesteek sou die gordel geklem wees in klammigheid. Ja, as daar met nattigheid gemors word, as daar met die doop van God se kinders gemors word, dan gebeur met die mens dieselfde as wat met hierdie gordel gebeur het. Na 'n lang tyd as Jeremia weer in opdrag van die Here vêr moet loop, nou net om die gordel daar in die skeur weggesteek weer te gaan opgrawe is die ontdekking eintlik die logies skokkende. Die gordel het begin vergaan en was nutteloos. Dit wat so baie werd was, dit wat so vol waarde was, kan vergaan en word nutteloos.

Laat ons vandag by hierdie doop dit ook besef. Niemand mag wil rondspeel met wat vandag se nattigheid was nie. Met jou doopwater mag jy nie speletjies speel nie. Ek dra 'n beklemming in my hart by die gedagte dat dit is wat al meer mense in ons land, ja al meer sg. kerkmense mee besig is. Die werklike gedagte van ek is 'n gedoopte kind van God, ja die wete van om gedoop te

wees, kry nie die aandag, dra nie die gewig wat dit in die ware Kerk van die Here behoort te dra nie. Daarin is die dure prys van Christus se bloed afgeteken.

Ek kan nie my lewe waarvoor Christus duur betaal het in die rotse en skeure, in die verklewenheid van muf en nutteloosheid gaan opmors nie. Ja, dit kan so maklik gebeur dat dit wat vir God kosbaar is, nie benut word nie. Ja, God se verbond is vir Hom baie kosbaar, maar hoe baie mense wil daarmee probeer mors. Nou nog mors ek daarmee tot die dag wanneer dit gebeur dat God met jou sal mors, om dit in dieselfde idioom te mag stel. God se straf en toorn, is geen kleiner realiteit as God se omgee, sy liefde, sy sorg en ontferming nie.

Ja, mag vandag se nattigheid, mag vandag se doop die teenoorgestelde uitwerking hê as die nat gordel tussen die rotse versteek, wat muf en begin breek. Mag die bande deur hierdie doop afgeteken vir julle as ouers werklik elke keer herinner hoe duur daar ook deur Christus vir hierdie kindjie betaal is. In alles is ons kinders Christus se kinders, hulle is net vir ons geleen. God het in Christus hulle gekoop, daar is vir hulle betaal. Mag die verbond styf om julle as ouers vandag verbind kon word ... julle moet dit vir haar wat nou deur julle opvoeding moet opgroei ook kan vasbind. Mag wat vandag hier gebeur het nie nutteloos wees nie,, mag dit nooit vergaan nie.

AMEN